

VROUEMAAND - HOE HET JESUS VROUE HANTEER EN HULLE GESIEN?

'n Nuwe samelewingstruktuur




Jesus se bediening keer die tradisionele samelewingstruktuur om. Hy breek geheel en al met die algemene gebruik van die dag om vroue af te sonder. Volgens die gebruik was dit nie vir 'n ordentlike Joodse man geoorloof om met vroue in die openbaar te praat of te assosieer nie. Jesus breek met hierdie tradisie, soveel so dat sy dissipels heel verbaas staan oor sy optrede (Joh 4:27). Deur in die openbaar met vroue in gesprek te tree, behandel Hy vroue as volwaardige medemense en nie as bloot net randfigure nie. Ons lees dat vroue onder die gehoor tel wat na hom luister (Luk 11 :27). Hy word vriende met Maria en Martha (Luk 10:38-42). Vroue volg, ondersteun en versorg Hom (Luk 8:1-3 en Mark 15:40).

Hy gaan nog 'n stap verder deur aan 'n vrou te raak wat aan bloedvloeiing ly en haar te genees (Luk 8:43-48). Jesus breek nie net met die algemene gebruike van die dag as dit by die afsondering van vroue kom nie, Hy kom stel ook 'n nuwe orde. Hy neem vroue in diens en hulle trek deur die hele land saam met Hom en die twaalf dissipels – hulle is nes die twaalf, orals teenwoordig waar Hy die evangelie verkondig. Verder hoor hulle ook alles wat vir die dissipels geleer word, hulle word dus getuies van wat Hy alles gesê en gedoen het (Luk 8:1-3).

Vroue word draers van die opstandingsboodskap

Vroue se regspersoonlikhede word verder uitgebrei wanneer die vroue die opdrag kry om te getuig van Jesus se opstanding uit die dood, by die dissipels (Luk 24:1-12; Mat 28:1-10; Mark 16:1-11; Joh 20:1-18). Vroue word die eerste draers van die goeie nuus dat Jesus die dood oorwin het en dat Hy opgestaan het. Hulle word die eerste verkondigers van God se wonderlike genade vir ons mense en van God se oorwinning oor die dood!

Hierdie vroue wie se getuieis voor die wet onaanvaarbaar is, word getuies van die wonderboodskap van Jesus se opstanding, die hoeksteen van ons hele geloof!



Jesus onderrig vroue in die teologie

Jesus tree nie net met Joodse leiers en sy dissipels in teologiese gesprekke nie, Hy tree ook met vroue in teologiese gesprekke en leer hulle oor die Koninkryk, verlossing en die ewige lewe. Hy voer teologiese gesprekke met die Samaritaanse vrou, met Martha en Maria, asook met die Siro-Fenisiëse vrou, ook bekend as die Kanaänitiese vrou (Joh 4:1-42; Joh 11:7-32; Mark 7:24-30; Matt 15:21-28).



Die gevolg van Jesus se gesprek met byvoorbeeld die Samaritaanse vrou, was dat sy na haar dorp toe gegaan het en aangaande Hom getuig het. Deur haar getuigenis het die mense van die dorp na Jesus gekom en het hulle tot bekering gekom. Hierdie vrou het met ander woorde die evangelie van genade verkondig.

Jesus sluit vroue in by die verbond

'n Groot deel van 'n Joodse man se identiteit was die feit dat hy van die nageslag van Abraham was. Die besnydenis het hom akuut elke dag daarvan bewus gemaak en hom daaraan herinner. Joodse mans is dan ook seuns van Abraham genoem. Die seuns van Abraham was die verbondsvolk van God. Omdat mans die enigste groep was met volle burgerskap in die kulturele en godsdienstige opset van die dag, was hulle die verbondsdraers.

Jesus kom in Luk 13:10-17 en keer hierdie hele opset om. Hier noem Hy die vrou wat Hy genees het, 'n kind van Abraham. Deur sy optrede hier, gee Hy aan haar verbondstatus, ontvang sy dieselfde identiteit as wat enige Joodse man gehad het, kom wys Hy dat vroue ook direk in 'n verhouding met God kan staan en dat God se verbond ook persoonlik met hulle gesluit is. Dit was 'n rewolusionêre skuif, aangesien dit gebruikelik was dat 'n vrou se man namens haar ingetree het by God.

Implikasies

Uit hierdie tekste is dit duidelik dat vroue volkome ingesluit is by die genade en verlossing van God. Jesus hanteer ook nie vroue as tweedeklas burgers nie, maar as gelykes en vertrou die verkondiging van sy opstanding aan hulle toe. Daarmee word hulle 'n regspersoon deur die feit dat hulle oor die opstanding getuies word.

Vroue word nie uitgesluit uit Jesus se bediening en teologiese gesprekke nie, daarom behoort vroue as gelykes om die tafel te sit wanneer daar oor die kerk se bediening gepraat word en behoort vroue se stemme in teologiese gesprekke gehoor te word.

Vroue word ten volle ingesluit by die verbond en is daarom ook ten volle deel van die Kerk wat deur God versamel word en wat 'n Missionale roeping in die wêreld het.

Dr Carin van Schalkwyk